# 63 Die Heer is God en niemand meer




Die Heer is God, en niemand meer; aan Hom is niks gelyk nie;
Hy sien alwetend oral neer, niks kan Hom ooit ontwyk nie.
Hoe hoog sy troon, Hy is naby - hoe ook die nag sy sluier sprei,
Hy sien elkeen se werke.

Sal ek die Majesteit se gloed as sondaar ooit kan nader?
Goddank! Versoen deur Jesus bloed, is God ook nou my Vader.
Nou klink my lied: Die Heer is goed, die Heer is onuitspreeklik goed,
oneindig groot in liefde.

Johann Andreas Cramer (1723-88) P. Sohren (1630-92)